

Nomades Voetslaanklub Roete-terugvoer

Makwekwe Bos Kamp, 14-16 Julie 2017

Tussen Nylstroom/Modimolle en Vaalwater op die R33.

S24° 28 49.3 E28° 11 22.4 (gg mm ss.s)
(plaashek vanaf R33)

Jan & Corrie du Preez, Isabel Baatsen, Norma Grotius, Elsabe During, Erna Lubbinge, Magda Grobler & Wilna Moolman bly in 'luuksheid' in die 'ensuite'-kamers van die Boskamp. Marius Stander en Jannes van Ryssen slaap op matrassies in die saal. 10 stappers die naweek.



Die padaanwysings is goed wat ons van Anvie Ventures ontvang het en Makweke is nie so ver van Pretoria af nie. Die Plaas is so 36km buitekant Nylstroom op die R33, rigting Vaalwater. Die Kamp is net sowat 'n km vanaf die teerpad tussen die perskeboorde deur. Die Boskamp is langs 'n stroompie/lopie gebou, wat tydens ons besoek heeltemal droog was. Nomades was Junie 2014 ook hier en ons was aangenaam verras met die aan/by-bouings en verbeterings. 'n Netjiese lapa is gebou met 'n ingeboude braai, plaveisel voor die saal en 'n ry geboude braaiers wat 'n hele rugbyspan sal kan bedien.

Die **Boskamp** se verblyf bestaan uit kamer 1 met 'n dubbelbed; Kamer 2 met 'n dubbelbed en 2 enkelbeddens; en kamer 3 met twee stapelbeddens en 2 enkelbeddens. Dus 12 kan hier slaap. Bring jou eie slaapsak en kussing. Elke kamer het 'n netjiese stort, toilet en aantrekkhokkie. Vol elektrisiteit. Heerlike dik stewige matrasse.



Volledige toegeruste kombuis, Groot yskas en aparte vrieskas, mikrogolfoond, induksie plaatjie, volle eetgerei, en baie potte, panne, bakke ens. En alles het gewerk, was netjies en skoon. By die saal is dan ook 'n badkamer met twee toilette en 'n stort.

Dan is daar die braailapa, maar ons het eerder by die ry oop ry braaiers gebrui om nie die perdebye onder die lapa verder te ontstig nie, NADAT ons die vuur wat ons daar begin maak het moes 'verskuif'.



Vrydagaand braai ons soos gebruiklik saam. Genoeg hout word voorsien, maar bring maar jou brikette en aanstekers saam om vinnig te kan braai. Daar is roosters.



Saterdagoggend pak almal hul dagsakkies en sommige doen dit in styl en oordadigheid soos Jan en Corrie met hul netjiese dag-pakkies.

Ons begin loop 8:30 en soek die beginpunt en na 'n paar meter loop onself vas teen 'n heining van 'n nuwe perkeboord. Geen aanduidings en borde van waarheen nou nie.

Ons vind weer ander merkers wat toe blyk Dag twee se begin was. Ons volg dit en nou is dit redelik goed gemerk. Soms bietjie stop en kyk, maar dan is dit weer daar. Op en op en op. Dit vorder stadig. Sien die hoogteprouel heel onder. Ons stop baie om 'uit te kyk' en 'fotos te neem'. Ons rus nie baie nie. ;-)



Nou begin ons die mooi uitsigte van die valei en boorde hier onder ons te sien. Die teerpad maak ook 'n lang lyn die verte in Vaalwater toe waar dit in die newels verdwyn. Dan weer intresante natuurverskynsels soos die voënte in die bome. Dan die terugblik na ons kamp daar onder en die kranse van die omliggende plase. Tot teen die 'kameelperd' heining met meer as genoeg plek vir alle ander diere om onderdeur te gaan. Ons daal styl af teen die heining. Fyn trap om nie te gly op die droë los klippe nie.



Nou bietjie kontoer stap en dan na 'n paar afdraaipadjes wat nie duidelik aandui of ons moet links of regs nie, hou ons regs en reg en kom na nog 'n afdraantjie uit aan die bo-kant van die groot waterval. Sommige gaan loer daar af en indrukwekkend die hoogte en uitsig op die droë watervalbasis daar onder.

Eers bietjie sit en asemskip. Dit is al 11:30 en ons het nog net sowat 3km geloop. Nou matig op en langs die stroompie wat die waterval voed. Ons is nou weer amptelik op die Dag1 se roete. Ongemaklike stukkie oor klippe en hier en daar nogal steil opklim. Maar mooi. Dit is droog, maar daar is darm bietjie water in poeletjies hier en daar. Ons stop so na 12 vir middagete in die klofie, voor die volgende groot op. Nou bietjie anderkant die lopies. Die positiewe is ons sien en VOEL ons styg. Maar almal wonder, hoeveel nog?. Dan weer oor die lopies en die laaste op tot op die bergie se rug. Mooi uitsigte. Steeds redelik gemerk, maar nie veel sprake van 'n paadjie nie. Jy stap maar op en oor en om die klippe en grasse. Daar is dus 'n roete, maar nie regtig oral 'n paadjie nie. Dit werk maar die spiere. Nou anderkant die bergie. Ons begin nou uiteindelik alles wat ons gestyg het, die volle sowat 300m weer te daal. Al af in 'n volgende klofie, waar



ons kamp daar onder lê. Hier en daar bietjie pad gesoek maar elke keer weer gekry.

Nou weer 'n anderste mooi om af te loop in die klofie met sy plek-plek waterpoeletjies en baie meer skaduryke dele en digter plantegroei. Mooi. Sommer net Mooi. Dan die eerste van twee groot damwalle wat gebou is. Ons stap oor die eerste een. Dan net na die 2de die lang staal-trap af. Lekker stewig. Dan die laaste entjie na die kamp waar 'n paar mooi Nyala ootjies en later die imposante bul kom gesig wys in die kampie net agter die saal. Dit is eers na 15:00 dat ons tuis is na die sowat moeilike 7km.



Sondag oggend na bietjie spoorsnywerk die vorige middag vind ons die regte dag 1 se begin, anderkant die nuwe perskeboord. Als wel vir die eerste entjie, dan is die pad net weg. Ons

kom uit die bosse en weer in die bosse in en skep 'n paar nuwe paaie deur ongerepte bos waar nog geen mens ooit was nie. Ek kry die grond/jeep pad en almal is verlig. Niemand wil meer Dr Livingstone speel met al die haak en steek bossies nie. Styl op met die groot wye pad. Verby die nuwe tentkamp van die buurplaas en dan 'n baie mooi oop paadjie, eindelijk snelweg na die waterval. Ons kom ons die rede agter. Die 'n plaaseienaar het hier 'n safaritentkamp onder die oorhang van die kranse gebou op netjiese houtdekke, met alles wat oop en toemaak. Luuks, maar ons stap tot by die waterval wat nie val nie en geniet 'n versnapperingkie. Ons vat die pad terug, weer verby die tentkamp, grondpad af. Ons kry die regte paadjie se in, dan deur tot by 'n volgende boord en nou volg die voorstes sommer net die rant van die boorde tot terug by ons kamp. Die res volg. Ons soek nie meer pad nie.

Ten spyte van die bietjie verdwaal en die grootliks ongedefinieerde paadjie, Baie mooi. Met 'n paar ekstra merkers en bietjie werk sal die roete weer baie makliker stap. So rondom 10h30 terug. So rondom 6km geloop vandag (ook nie die amptelike roete nie) Ingepak en meeste stop by die Geluksfontein bokmelk kaasplaas so 5km terug om 'n middagete versnapperingkie te koop en geniet. 'n Heerlike naweek, met genoeg avontuur en goeie geselskap.

Dankie Nomades. Julle is weners, ook onder soms moeilike omstandighede om 'n plek en omstandighede te vat soos dit is. Ek sal nie die roete aanbeveel vir piek-somer nie. Die son sal jou seermaak op die klippe.

Ons bespreek via Anvie Ventures. www.AnvieVentures.co.za 044-696-6585 anvie@iburst.co.za

Finansies:

Gelde inbetaal : R3040

R330 x 8 hutters en R200x2 saalslapers : R3040.00

Gelde uitbetaal : 2965.9

(R310x8)+(R180x2)+R50(Besprekingsfooi) : R2890.00

Brikette(R29.95*2)+Aanstekers(R16) : R 75.90

Jannes voorsien die hout, dankie.

Projek surplus (2.4% van gelde ontvang) : R 74.10



Stapgroete

Marius Stander

MariusStanderPTA@gmail.com

Nomades Voetslaanklub

Sien www.nomades.co.za vir meer inligting en meer stapverslae.

2017/08/02.

